

# Constitution and Club Rules of the Northern Nguni Club

## *Grondreëls en statute van die Noordelike Nguni Klub*

### CONSTITUTION AND RULES

#### *GRONDREËLS EN STATUTE*

1. **Name.** The name of the club is the Northern Nguni Club and will be referred to in this constitution as the “club”

*Naam.* Die naam van die Klub is die Noordelike Nguni Klub en dit word in hierdie statute, die "Klub" genoem.

2. **Registered address and language.** The registered address of the club is the address of the Secretary as elected at the Annual General Meeting. The language of preference of the club is Afrikaans and English as most members are proficient in one of these languages.

Where there is a conflict between the Afrikaans and English versions of the constitution or any other document of the Club, the English version shall prevail.

*Geregistreeerde adres en taal.* Die geregistreeerde adres van die Klub is die adres van die Sekretaris van die Klub soos verkies op die Algemene Jaarvergadering. Die tale van voorkeur van die Klub is Afrikaans en Engels aangesien die meeste lede een van die twee tale magtig is.

*Waar 'n konflik bestaan tussen die Afrikaanse en Engelse weergawe van die grondwet of enige ander dokument van die Klub, sal die engelse weergawe heersend wees.*

3. **Foundation.** The Nguni Cattle Breeders Society (herein referred to as “the Society”) provide for representation on its Council for the geographical Clubs of Nguni cattle breeders in South Africa, which are affiliated to the Society. The Northern Nguni Club has existed for years and the Society has requested that its affiliated clubs establish a constitution and the members of the club resolved at an Annual General Meeting that the Management Committee draw up a

constitution, Rules and Regulations as drawn up and revise from time to time as well as the authority of the Society. This constitution must be approved by the Society which will always be regarded as the Mother body of the club.

The Club accepts the constitution and the standard of excellence as drawn up, accepted and amended from time to time by the Nguni Cattle Breeders' Society of South Africa.

***Grondslag.** Die Nguni Beestelersgenootskap (hierna genoem "die Genootskap") maak voorsiening vir verteenwoordiging op sy raad by wyse van geografiese Klubs van Nguni beestelers. Sodanige Klubs is by die Genootskap geaffilieer, en nademaal die Noordelike Nguni Klub reeds 'n geruime aantal jare bestaan en nademaal die Genootskap sy geaffilieerde Klubs versoek het om formele konstitusies daar te stel, en nademaal die lede van die Klub op 'n algemene jaarvergadering aan die bestuurskomitee opdrag gegee het om 'n konstitusie daar te stel, nou derhalwe word daar tussen die Lede onderling ooreengekom om die Konstitusie te aanvaar. Die Klub bevestig dan ook die Konstitusie, Reglemente en Regulasies soos opgestel en van tyd tot tyd gewysig sowel as die gesag van die Genootskap. Hierdie grondreëls sal dan ook onderhewig wees aan goedgekeuring deur die Genootskap, welke Genootskap ten alle tye as die Moederliggaam van die Klub sal wees.*

*Die Klub aanvaar die konstitusie en die rasstandaarde soos opgestel, aanvaar en van tyd tot tyd gewysig deur die Nguni Beestelers Genootskap van Suid-Afrika.*

- 4. Objectives.** The objectives of the Club are to promote the Nguni cattle breed to the best of the Clubs ability but not for profit, whilst it is ensured that the Club's actions are aligned with but will not in any way interfere with the aspirations and principals of the Society. These objectives of the Club will amongst other be reached by;

***Oogmerke.** Die oogmerk van die Klub is om die Nguni beesras te promoveer na die beste van die Klub se vermoë en sluit spesifiek winsbejag uit, terwyl verseker word dat die Klub se aksies ooreenstem met maar geensins met die*

*strewe en beginsels van die Genootskap bots nie. Die oogmerke van die Klub sal onder meer bereik word deur;*

- (a) The management of the interests of all Nguni Breeders (both stud or commercial) in the Limpopo province (primarily) and neighbouring areas;

*Die belange van alle Nguni-telers (hetsy stoettelers of kommersiëel) in die Limpopo provinsie (primêr) en aangrensende gebiede te behartig;*

- (b) Collective dialogue and negotiation on behalf of member in matters of communal interests;

*Kollektiewe dialoog en onderhandeling namens lede in sake van gemeenskaplike belang;*

- (c) The support of members by means of dialogue; and

*Die ondersteuning van lede deur middel van gespreksvoering; en*

- (d) Pooling of ideas and opinions;

*Saamvoeging van idees en oppinies;*

- (e) The distribution of information to all members in matters of communal interest;

*Die verspreiding van informasie aan alle lede ten aansien van sake van gemeenskaplike belang;*

- (f) To support and organise members in the breeding and marketing of Ngunis;

*Om lede onderling by te staan en te organiseer in die teling en bemarking van Nguni's;*

- (g) To raise funds to support this club without a profit objective so that expenses to achieve the goals of this club are carried;

*Om befondsing te kry om hierdie Klub sonder die oogmerk van winsbejag by te staan en sodoende uitgawes in die bereiking van die Klub se oogmerke te dra;*

- (h) To provide a forum for any other matters of communal interest amongst members;

*Om as 'n forum op te tree vir enige ander sake van gemeenskaplike belang tussen die lede;*

- (i) To encourage and co-ordinate the joint marketing of the member's Nguni cattle;

*Gesamentlike bemerking van Klublede se Nguni beeste aan te moedig en te koördineer;*

- (j) To organise auctions;

*Veilings te reel;*

- (k) To organise promotions and information days;

*Promosies en inligtingsdae te reel;*

- (l) To keep members informed of the Society's activities as well as studies and test results that may be of interest;

*Lede ingelig te hou oor die Genootskap se aktiwiteite asook navorsing en proefresultate wat van belang mag wees;*

- (m) To raise discussion points and place them on the Agenda of the annual general meeting of the society;

*Beskrywingspunte op die agenda van die algemene jaarvergadering van die Genootskap te plaas;*

- (n) To nominate two representatives to attend the annual general meeting of the Society on behalf of the club.

*Om twee afgevaardigdes aan te wys om die algemene jaarvergadering van die Genootskap namens die Klub by te woon.*

## **5. Membership.**

### ***Lidmaatskap.***

- (a) The Club is open for membership by any Nguni farmer in the Limpopo Province and adjoining areas or any person who has interest with the understanding that membership is attained by completing and signing of a membership application form (which application must be approved by the management committee) and the payment of annual membership fees as determined by the Management Committee. Membership is terminated at death, resignation or expulsion in terms of these regulations. Membership fees are paid annually as determined by the management committee. A member loses his right to vote at any general or special meeting if membership fees are outstanding for a period longer than 90 days.

*Die Klub is oop vir lidmaatskap deur enige Nguni boer in die Limpopo Provinsie en aangrensende gebiede of belanghebbende met dien verstande dat lidmaatskap verkry word die voltooiing en ondertekening van 'n aansoekvorm, (welke aansoek deur die Bestuurskomitee goedgekeur moet word) en die betaling van die jaarlikse lidmaatskapfooie soos reeds vasgestel deur die Bestuurskomitee. Lidmaatskap word beëindig by dood, bedanking or uitsetting ingevolge hierdie statute. Lidmaatskapfooie is jaarliks betaalbaar soos bepaal deur die Bestuurskomitee. 'n Lid se stemreg sal verval indien lidmaatskapfooie vir 'n tydperk van langer as 90 uitstaande is gedurende enige algemene of spesiale vergadering.*

- (b) A Member is described as a person or family and not a stud and family in this regard will include a spouse/partner and dependent children but excludes brothers, sisters, employees and independent children.

*'n Lid word spesifiek omskryf as 'n persoon of familie en nie 'n stoet nie en familie sal in die verband insluit 'n gade/leuensmaat en afhanklike kinders maar sluit broers, susters, werknemers en onafhanklike kinders uit.*

- (c) It is recommended but not expected that members attend at least one of the club activities annually.

*Dit word aanbeveel maar nie as 'n vereiste gestel nie, dat lede ten minste een Klubaktiwiteit per jaar moet bywoon.*

- 6. Chairman and management committee.** The Club has a Chairman as its executive head who must perform his duties according to the instructions of the management committee. He/she is supported by a 2 (two) additional members as elected at an annual general meeting. The Management Committee must be re-elected every 2 (two) years. Committee members who wishes to resign, must give notice of resignation on or before 1 November of a year so that nominations can be done in time before the annual general meeting in Febraury. Committee members are re-electable. The Management Committee is authorised to sub-contract any or all of the functions of the Secretary to a service provider. All nominations for committee members must be received for 15 January of the following year. Members of the Committee must try to attend at least one club activity annually.

***Voorsitter en Bestuurskomitee.** Die Klub het 'n Voorsitter wat sy uitvoerende hoofbeampte is en wie sy pligte en werksaamhede uitvoer onderworpe aan die opdrage van die Bestuurskomitee. Hy/sy word bygestaan deur 2 (twee) addisionele lede soos verkies op 'n Algemene Jaarvergaderings. Die Bestuurskomitee moet 2 (twee) jaarliks herkies word. Komiteelede moet voor of op 1 November van 'n jaar skriftelike kennisgewing gee sou hulle wou bedank sodat nominasies betyds voor die algemene jaarvergadering in Februarie gedoen kan word. Komiteelede is herverkiesbaar. Die*

*Bestuurskomitee is geregtig om die enige of die geheel van die funksies van die Sekretaris aan 'n diensverskaffer te subkontraakteer. Alle nominasies vir die Komiteeledede moet ontvang word voor 15 Januarie van die volgende jaar. Lede van die Bestuurskomitee moet poog om ten minste een Klubaktiwiteit 'n jaar by te woon.*

## **7. Funds and accounts.**

### ***Fondse en rekening.***

- (a) **Collection.** Funds are collected by means of money received for registration, membership fees, voluntary donations, levies, donations and interest on any investments of the club.

*Invordering.* Fondse word ingevorder by wyse van gelde vir toelating tot lidmaatskap, ledegelde, vrywillige bydraes, heffings, skenkings en rente op enige beleggings van die Klub.

- (b) **Allocation of funds.** All funds are allocated with the purpose of promoting the objectives of the club in accordance with these statutes.

*Aanwending van fondse.* Alle fondse word aangewend met die doel om uitvoering te gee aan die oogmerke van die Klub ooreenkomstig hierdie statute.

- (c) **Investments.** All funds of the club are invested as decided by the management Committee.

*Beleggings.* Alle fondse van die Klub word belê op die wyse soos bepaal deur die Bestuurskomitee .

- (d) **Control.** All funds of the club are subjected to the control of the management committee who, by majority vote at any meeting that has a quorum, can instruct the treasurer and is binding on him after it is properly minuted and signed by the chairman and the treasurer and an additional member of the management committee. All cheques and/or payments must be authorised or signed by the treasure and an additional member.

**Beheer.** *Alle fondse van die Klub is onderworpe aan die beheer van die Bestuurskomitee wat, by meerderheidstem op enige vergadering waarop 'n kworum teenwoordig is, aan die tesourier opdragte kan gee wat hom bind nadat dit behoorlik genotuleer en deur die tesourier en nog 'n lid van die Bestuurskomitee onderteken is. Alle tjeks en / of uitbetalings moet deur die tesourier asook deur 'n addisionele lid van die Bestuurskomitee onderteken of gemagtig word.*

- (e) **Uses.** The management committee can use the funds for any of the objectives of the Club and the Management committee is authorised to make decisions in this regard provided that all other stipulations in terms of this statute are followed.

**Gebruik.** *Die Bestuurskomitee kan die fondse van die Klub vir enige van die oogemerke van die Klub en die Bestuurskomitee is bevoeg om, mits die ander bepalings van hierdie statute behoorlik nagekom word, enige besluit in die verband te neem.*

- (f) **Audit.** The members must receive an annual report from the management committee of funds received, on hand and payments made and every five years these accounts must be audited by an auditor appointed by the management committee.

**Oudit.** *Die lede moet jaarliks verslag kry van die bestuurkomitee insake fondse gein, voorhande en betaal en die Klub se rekeninge moet al om die vyf jaar gekontroleer word deur 'n auditeur wat deur die Bestuurskomitee benoem moet word.*

- (g) **Profit and losses.** The Club's income statement must balance to all income received from whatever source and expenditure incurred by the management of the club. These sources of expenditure must be specified in the accounts.

**Wins en verlies.** *Die Klub se inkomsterekening moet gebalanseer word deur alle inkomste, uit watter bron ook al afkomstig, te verreken teen alle*



*uitgawesverbonde aan die bestuur van die Klub. Hierdie bronne van uitgawe moet uitdruklik in die rekeninge aangegee word.*

## 8. Meetings.

### *Vergaderings*

- (a) **Annual General Meetings.** The management committee must organise an annual general meeting on the same weekend as the annual auction of the club, and if no auction is to be held, on a date within twelve months and one week from date of the last annual general meeting to report on the state of the affairs of the club, to present the financial statements or to elect a new management committee. Seven days' notice of the annual general meeting must be given to each member of the club. The notice must be sent electronically, which shall include but not be limited to emails or messages on apps, for example WhatsApp, to each member at their last known address.

*Algemene jaarvergadering. Die Bestuurskomitee moet een keer per jaar 'n algemene jaarvergadering belê gedurende die naweek van die jaarlikse Klubveiling, en as geen sodanige veiling gehou word nie, op 'n datum binne twaalf maande en een week na datum van die laaste algemene jaarvergadering om die bestuurskomitee se verslag van die Klub se bedrywigheede aan te hoor en daarvan kennis te neem, om afskrifte van die Klub se rekeninge te ontvang of om 'n nuwe Bestuurskomitee te kies. Sewe dae kennis van die algemene jaarvergadering moet aan elke lid van die Klub gegee word. Die kennisgewing moet elektronies, wat sal insluit maar nie beperk wees tot epos of boodskappe op toepassings soos WhatsApp, aan elke lid gestuur word, gerig aan sy of haar laaste bekende adres.*

- (b) **The quorum for the annual general meeting consists of 25% (twenty five) percent of the voting members of the Club and voting is done by the raising of hands.**

*Die kworum vir die algemene jaarvergadering bestaan uit 25% (vyf en twintig) persent van die stemgeregtigde lede van die Klub en die stemming geskied by wyse van die oplig van hande.*

- (c) **Special General Meeting.** The management committee can on request of at least 50% of paid-up members, call a special general meeting by giving each member 7 (seven) days written notice. The notice must be sent electronically to each member at their last known address.

The quorum for a special general meeting is 25% (twenty-five) percent of the voting members of the Club and voting is done by raising of hands.

*Spesiale Algemene Vergadering. Die Bestuurskomitee kan op versoek van minstens 50% van die opbetaalde lede 'n spesiale algemene vergadering belê deur elke lid van die Klub skriftelik met 7 (sewe) dae daarvan kennis te gee. Die kennisgewing moet elektronies gestuur word, gerig aan elke lid se laaste bekende adres.*

*Die kworum vir 'n spesiale algemene vergadering is 25% (vyf-en-twintig) persent van die stemgeregtigde lede van die Klub en stemming geskied per oplik van hande.*

## 9. Management

### *Bestuur*

- (a) **General.** The control and management of the Club lies with the management committee. A quorum for any meeting of the management meeting is 3 members.

*Algemeen. Die beheer en bestuur van die Klub berus by die Bestuurskomitee. 'n Kworum vir enige vergadering van die bestuursvergadering is 3 lede.*

- (b) **Minutes.** The Secretary must minute all decisions of the management committee and such minutes must be certified correct and signed by the Chairman. The minutes must be kept by the Secretary where it will be available to any member at any time during working hours.

**Notule.** Die Sekretaris moet notule hou van alle verrigtinge van die Bestuurskomitee en sodanige notule moet deur die Voorsitter as korrek geteken word. Die notule moet deur die Klub se Sekretaris gehou word waar dit te eniger tyd gedurende gewone kantoorure deur enige lid ingesien kan word.

- (c) **Powers.** The Management Committee has the following powers which list is not inclusive;

**Bevoegdhede.** Die Bestuurskomitee het die volgende bevoegdhede, welke lys nie noodwendig uitsluitend is nie;

- (1) To open and manage a banking account;

*Om 'n bankrekening oop te maak en te bestuur;*

- (2) To act in legal matters by suing or defending any case brought against the Club and they have the specific power to appoint and remunerate a legal team;

*Om regsdinge te betree deur te dagvaar of te verdedig of enige aansoek te bring of teen te staan en in die verband het hulle die uitdruklike bevoegdheid om regspanne aan te stel en te vergoed;*

- (3) To get involved in arbitration;

*Om in arbitrasie verrigtinge betrokke te raak;*

- (4) To appoint officials to reach goals and to remunerate such officials;

*Om amptenare aan te stel om doelstellings te bereik en sodanige amptenare te vergoed;*

- (5) To support other groups or bodies who promote the objectives of the Club;

*Om steun te gee aan ander groepe of liggame wat die doelstellings van die Klub bevorder;*

- (6) To receive donations and grants, to determine membership fees; to manage special funds for any project that may arise from time to time;

*Om donasies en skenkings te ontvang, ledegelde vas te stel; spesiale befondsing vir enige projek soos van tyd tot tyd mag ontstaan, te bewerkstellig;*

- (7) To collect membership fees from time to time.

*Om ledegelde van tyd tot tyd in te vorder.*

- 10. Removal from office.** Any complaint brought against a member of the Club must be examined by the Management Committee and if found to be necessary, may end the membership of the member. Any complaint brought against an elected member of the management committee must be examined by the other members of the committee; should these members deem it necessary after examination of the complaint, a proposal can be drawn up for consideration at a special general meeting of the Club with the objective of submitting such proposal and the meeting must after consideration of the proposal make the necessary decision with regards to the complaint.

*Verwydering uit amp. Enige klagte teen 'n lid van die Klub ingebring, moet deur die Bestuurskomitee ondersoek word, wat, indien hulle dit dienstig ag, die betrokke lid se lidmaatskap kan beëindig. Enige klagte teen 'n verkose lid van die Bestuurskomitee ingebring, moet deur die ander lede daarvan ondersoek word; indien sodanige ander lede dit gevolg van sodanige ondersoek dienstig ag, kan hulle 'n aanbeveling opstel vir oorweging deur 'n spesiale algemene vergadering van die Klub en so 'n vergadering belê ten einde sodanige aanbeveling daaraan voor te lê, en die vergadering moet, met inagneming van sodanige aanbeveling, die besluit of besluite wat hy nodig ag ten opsigte van die klagte neem.*

11. **Contracts.** The Club is contractually bound by any contract as soon as the contract is signed by the Chairman and any member of the Management Committee jointly provided that joint signatories, in the case of every contract is preceded by a proper minuted decision of the Management Committee and that such decision must be attached to the contract. Nothing in this statute inhibits or prohibits the Clubs regulations with regards to signing cheques.

*Kontrakte. Die Klub word ten opsigte van enige kontrak kontraktueel verbind sodra dit deur die voorsitter en enige lid van die Bestuurskomitee gesamentlik onderteken is, mits sodanige gesamentlike handtekeninge, in die geval van elke kontrak, voorafgegaan word deur 'n behoorlike genotuleerde besluit van die Bestuurskomitee waarby sy besluit dat die Klub die kontrak moet sluit, aangeteken is, en sodanige besluit moet daarby aangeheg word. Niks in hierdie statuut vervat, kort die Klub se statute met betrekking tot die ondertekening van tjeks in, of doen daaraan af nie.*

12. **Securities.** The safe-keeping of securities, books, information and anything else similar is the responsibility of the Chairman and must be kept in a suitable safe.

*Bewaring van sekuriteite, ens. Die bewaring van die Klub se sekuriteite, boeke, stukke en ander sake van 'n derglike aard is die verantwoordelikheid van die Voorsitter wat dit in 'n geskikte brandkas moet hou.*

13. **Amendment to Constitution.** The regulations of the Club may not be amended or changed without the approval of 40% (forty) percent of all the voting members at an annual or special general meeting. All amendments must be approved by the Society.

*Wysiging van statute. Die statute van Klub mag nie verander of gewysig word sonder die goedkeuring van 40% (veertig) persent van al die stemgeregtigde lede wat op 'n jaar- of spesiale algemene vergadering is nie. Alle wysigings moet goedgekeur word deur die Genootskap.*

14. **Disputes.** Any dispute arising between a member and the management committee will be referred for arbitration to a single arbiter who is appointed

with approval by both parties. The arbitration is governed by the Law on Arbitration, No. 46 van 1965.

***Geskille.** Enige geskil wat tussen 'n lid en die Bestuurskomitee ontstaan, word vir arbitrasie na 'n enkele arbiter, wat met wedersydse toestemming aangestel moet word, verwys. Die arbitrasie word in alle opsigte deur bepalings van die Wet op Arbitrasie, No 46 van 1965, gereel.*

15. **Accountability of members.** The accountability of members with regards to the duties of the Club is limited to the annual membership fees.

***Aanspreeklikheid van lede.** Die aanspreeklikheid van lede ten opsigte van die verpligtinge van die Klub word beperk tot die bedrag van die jaarlikse lidmaatskapfooie.*

16. **Termination.** The Club can be dissolved by voluntary majority decision of at least 60 (sixty) percent of the voting members at an annual general meeting of the Club. In such a case, a liquidator must be appointed. The liquidator must liquidate the Club by converting all the assets into cash and then firstly to pay all creditors their claims (with due consideration to liquidation costs) and secondly to pay back membership fees to all members albeit pro rata or fully according to circumstances; any asset cash balance on hand after all these payments have been made must be paid back to members by way of a dividend and in respect of the total amount of monies contributed by each member.

***Beëindiging.** Die Klub kan vrywillig beëindig word by meerderheidsbesluit van minstens 60 (sestig) persent van die stemgeregtigde lede op 'n algemene vergadering van die Klub. In so 'n geval moet 'n likwidateur, aangestel word. Die likwidateur moet die Klub likwideer deur al sy bates in kontant om te sit en dan eerstens aan alle skuldeisers hul eise (met inbegrip van die likwidasielaste) en tweedens aan alle lede hulle bydraes, hetsy ten volle of pro-rata, na gelang van omstandighede, te betaal; enige batige kontantsaldo nadat hierdie betalings gedoen is, word by wyse van 'n dividend uitgekeer aan lede, en wel in verhouding tot die totale bedrag van alle gelde wat elke lid bygedra is.*

**17. Personal liability.** The Management Committee and members are absolved from any personal liability for decisions taken by the management committee of the Club.

*Persoonlike aanspreeklikheid. Die Bestuurskomitee en lede word gevrywaar van enige persoonlike aanspreeklikheid vir besluite geneem deur die Bestuurskomitee of Klub .*

THUS accepted at                      on this the                      day of                      2020.  
*ALDUS aanvaar te                      op hierdie                      dag van                      2020.*

-----  
**Chairman/ *Voorsitter***

-----  
**Additional Member /  
*Addisionele lid***